Nostalgie in nuwe teater

2011-05-22 21:29

Anna-Retha Bouwer

Stuur groete aan Mannetjies Roux
Atterbury-teater, Pretoria

Daar was 'n deftige soort afwagting in die lug toe die splinternuwe Atterbury-teater in Pretoria sy kraaknuwe deure oopgemaak het vir hierdie produksie. Dit is immers nie aldag dat 'n mens die geleentheid kry om 'n nuwe teater te open met so 'n lang verwagte musiekspel nie.

Om so 'n groot wakis vol treffers soos dié van Laurika Rauch as grondbestanddele vir 'n musiekspel te gebruik kan 'n waagstuk wees omdat daar vir elkeen wat dit ken emosionele bagasie agter elke liedjie lê.

Daar is al meer as een geslag wat met haar musiek grootgeword het en om dit skielik binne die konteks van iemand anders se verhaal te sien, kan selfs onthutsend wees.

Verder moes Chris Torr, Rauch se liedjieskrywer-man en skrywer van die musiekspel, dit regkry om 'n oortuigende verhaal saam met die musiek te skep sonder dat 'n mens die gevoel kry dat dit gedwonge is.

Oom Frans (Deon Lotz) en tante Koba (Isadora Verwey) bekyk die windpomp terwyl die ouer Engela (Laurika Rauch, voor) terugdink.

Foto's · Lesersfoto's · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

Die rede waarom Stuur groete wel slaag as 'n onafhanklike aanbieding lê in die oortuigende karakters. Engela (Kika Smit), pas klaar met skool, besoek haar oom Frans (Deon Lotz) en tante Koba (Isadora Verwey) op die plaas Dwarsbult, waar sy antwoorde op van haar lewensvrae probeer kry. Rauch vertolk self die rol van die ouer Engela wat as volwassene terugkyk na hierdie tyd in haar lewe. (Hierdie rol sal tydens party vertonings deur Nicole Holm vertolk word.)

Om te besluit oor die regte universiteit
Die Universiteit van Johannesburg is bekommerd oor die drastiese afname in Afrikaanse studente die laaste paar jaar. Waar is al dié studente heen?

Verwey beïndruk met haar uitbeelding van die plaasvrou wat met 'n gestroopte soort wysheid die jong Engela na antwoorde help soek.

'n Mens vind hierdie egtheid ook in Elton Landrew se uitbeelding van die geheimsinnige, dog joviale Toemaar, wat onverwags op die plaas opdaag en 'n muur begin bou.

'n Mens sien dalk net te min van die huiswerker Katie, wat met Ilse Klink se spel 'n karakter is wat jy beter sou wou leer ken.
Dit is die beeld van Toemaar, sy donkie en sy donkiekar wat Engela terugneem na 'n tyd wat sy dink sy vergeet het – haar kinderjare en die dood van haar ouers in 'n motorongeluk.

Daar is twee liefdesverhale ter sprake – eintlik drie, blyk dit later – en dit is met liedjies soos Die liefde is 'n wonderlike ding, Stille waters en Slang in die gras wat die kontras tussen die ou, beleë liefde van Frans en Koba teenoor die jong, ontluikende liefde van Anton en Engela uitgebeeld word.

Die vrolike danstoneel op die maat van Kom laat ons sing kry later 'n somber ondertoon wanneer dié lied in veel donkerder omstandighede herhaal word.

'n Mens moet wel nogal kophou om die intrige te volg terwyl die verskeie karakters ou koeie uit die sloot delwe.

Waar Mamma Mia!, wat as inspirasie vir die musiekspel gedien het, jou opgeruimd laat, is Stuur groete swaarder en meer nadenkend. Daar is ironieë, geheime, humor en swaarmoedigheid.

Dít, saam met 'n ou plaashek en windpomp op die verhoog, verplaas jou na die Karoo waar 'n boer steeds verwonder staan oor dáái drie van Mannetjies Roux – ver weg uit die moderne gerief van 'n splinternuwe pragteater in die ooste van Pretoria.

- Tot 12 Junie